- a. Lede van die Vereniging is die geregistreerde leiwatergebruikers by die Munisipaliteit op die datum van die eerste Algemene Jaarvergadering, wie se name in Bylae 3 van hierdie Konstitusie verskyn.
 - b. Slegs die geregistreerde eienaar van 'n erf is geregtig om aansoek te doen vir lidmaatskap van die Vereniging om 'n leiwaterbeurt toewysing volgens die jaarlikse leiwaterskedule te ontvang.

- c. Aansoek om lidmaatskap vir nuwe lede en voortsetting as bestaande lede sal jaarliks (elke twaalf maande) op 'n datum ingedien word, wat deur die Bestuurskomitee bepaal word, na die oornome van die leiwaterstelsel by die Munisipaliteit.
- d. 'n Lid kan gedurende die twaalf maande as lid van die Vereniging bedank, maar is nie geregtig op enige terugbetalings op betaalde fooie nie, en die bedanking van 'n lid stel nie die individu vry van van enige uitstaande betalings wat aan die Vereniging verskuldig is nie.
- e. Die beskikbaarheid van leiwater is ondergeskik aan die drinkwater van Barrydale wat ook uit die Huisrivier onttrek word, en die leiwater van die Huisrivier is 'n beperkte bron wat reeds hul maksimum kapasiteit bereik het by die huidige gebruikers. Daarom is die goedkeuring van nuwe leiwater-aansoeke nie gewaarborg nie en sal dit op 'n waglys geplaas word.

REGISTER VAN LEDE

- 8. Lede van die Vereniging onderneem om:
 - a. Op versoek van die Voorsitter en Sekretaris van die Vereniging, om hul relevante besonderhede, sowel as dié van hul huurder, te verskaf vir die instandhouding van die geregistreerde Leiwater Gebruikersregister, waaruit die Leiwaterskedsule opgestel is,
 - b. Om die Voorsitter en Sekretaris betyds kennis te gee waar die geregistreerde erf van 'n betaalde lid van die Vereniging verkoop gaan word en van eienaar sal verander, tesame met die relevante besonderhede van die nuwe eienaar wat die leiwater vir die oorblywende deel van die twaalf maand periode sal ontvang.

REGTE VAN LEDE

- 9. Die volgende bepalings:
 - a. Lidmaatskap van die Vereniging gee geen lid reg op fooie, eiendom of bates van die Vereniging nie, maar gee slegs lede die voordele van lidmaatskap, onderhewig aan die heffings en redelike beperkings wat deur die Bestuurskomitee van tyd tot tyd opgelê word.
 - b. 'n Lid wie se aansoek om lidmaatskap goedgekeur is, is gebonde aan die Konstitusie, Reëls en Regulasies van die Vereniging en die Leiwaterverordening van die Munisipaliteit asook die bepalings van die Bestuurskomitee, wat dan van krag is of soos gewysig.
 - c. Die lede van die Vereniging gee die Bestuurskomitee en aangestelde werknemers reg van toegang tot hul erwe wat deel is van die leiwaterskedsule ter uitvoering van hulle werksaamhede, binne werksure van Maandag tot Vrydag.
 - d. Lede wat nie die Konstitusie, Reëls en Riglyne nakom nie en nie gehoor gee aan Bestuurskomitee se skriftelike aanmanings nie, stel hulle self bloot aan die opskorting van hul leiwater of kansellasië daarvan, sonder enige eis tot vergoeding teen die Vereniging.

AANSPREEKLIKHEDE VAN LEDE

- 10. Die lede neem kennis van:
 - a. Die aanspreeklikheid van lede is beperk tot die bedrag van uitstaande heffings en rente wat hulle aan die Vereniging verskuldig is.

- b. Leiwater word slegs aan lede geallokeer nadat die jaarlikse heffing ten volle betaal is binne die tydskale, soos bepaal deur die Bestuurskomitee en ooreenkomstig die bepalinge van paragraaf 7.

VERKIESING TOT DIE BESTUURSKOMITEE

11. Slegs lede van die Vereniging wat voltyds en permanent in Barrydale woon, mag as lid van die Bestuurskomitee verkies word.

- a. Die beskikbaarheid van Bestuurskomitee lede in Barrydale is noodsaaklik om die leiwaterstelsel se uitdagings in die bedryfsgebied op 'n deurlopende en intydse basis aan te spreek en uit te voer. Derhalwe kan lede wat 'n erf in Barrydale besit, maar nie voltyds hier woon nie, nie verkies word nie.
- b. Lede wat nie permanent in Barrydale woon nie mag wel as addisionele lede gekoöpteer word na gelang van die Bestuurskomitee se behoeftes

VERKIESING EN LIDMAATSKAP VAN DIE BESTUURSKOMITEE

12. Bepalings vir die Bestuurskomitee:

- a. Die Bestuurskomitee van die Vereniging bestaan uit vyf (5) permanente lede sowel as 'ad hoc-lede' soos vereis,
 - i. Voorsitter
 - ii. Visie-Voorsitter
 - iii. Sekretaris
 - iv. Tesourier
 - v. Addisionele lid
- b. Die eerste Bestuurskomitee verkiesing het tydens die Vereniging se stigtingsvergadering op 14 Maart 2022 plaasgevind en dien as die Bestuurskomitee tot die oorname van die bestuur en instandhouding van die leiwater by die Munisipaliteit, en die Algemene Jaarvergadering daarna.
- c. Hierna word die lidmaatskap van die Bestuurskomitee bepaal deur 'n verkiesingsproses by die Algemene Jaarvergaderings waar alle lede wie se name op die kieserslys verskyn, kan deelneem om 'n nuwe Bestuurskomitee vir 'n vaste termyn van drie (3) jaar te verkies met die Voorsitter en Visie-Voorsitter se termyne wat moet oorvleuel ten einde kontinuïteit te verseker.
- d. Elke erf is slegs geregtig op een stem, ongeag die aantal geregistreerde eienaars daarvan. Waar 'n eienaar(s) of 'n groep eienaars gesamentlik een erf besit, is hulle ook slegs net geregtig op een stem.
- e. As 'n vakature in die Bestuurskomitee ontstaan, kan dit gevul word deur 'n lid te koöpteer of by 'n Spesiale Algemene Vergadering verkies word, mits die lid gekoöpteer word of verkies word vir 'n tydperk gelyk aan die oorblywende tydperk waarvoor die lid wat die amp ontruim het, steeds in die amp sou wees.
- f. Ten minste dertig (30) dae se kennisgewing van die verkiesing moet aan al die lede van die Vereniging gegee word.

BENOEMING VAN EN STEMMING VIR LEDE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

13. Enige persoon wie se naam op die kieserslys van die Vereniging verskyn, is geregtig om kandidate van die kieserslys te benoem vir verkiesing as lede van die Bestuurskomitee, en om te stem by 'n verkiesing van die lede van die Bestuurskomitee.

KIESERSLYS

14. Die kieserslys vir 'n Jaarlikse Algemene Vergadering en Spesiale Algemene Vergadering word opgestel uit die Gebruikerslys met die lede van die Vereniging op daardie tydstip.

AANSTELLING VAN WERKNEMERS

15. Aanstellings vereistes:

- a. Die Bestuurskomitee kan so 'n persoon aanstel na die oorname van die leiwaterstelsel by die Munisipaliteit, soos nodig is vir die uitvoering van die Vereniging se aktiwiteite met die leiwaterstelsel ingevolge hierdie Konstitusie.
- b. Die aanstelling van werknemers of enige veranderinge in hul diensvoorwaardes moet deur die Bestuurskomitee deur middel van 'n besluit goedgekeur word.
- c. Alle werknemers van die Vereniging bly in hul amp ongeag enige verandering in die samestelling en lidmaatskap van die Bestuurskomitee.

BANKREKENING EN NIE-WINSGEWENDE MAATSKAPPY

16. Word bepaal deur:

- a. Die Bestuurskomitee wat 'n bankrekening moet open in die naam van die Vereniging om enige van sy aktiwiteite ingevolge hierdie Konstitusie te kan uitvoer en sodoende alle finansiële aspekte te bestuur en dit beskikbaar te stel vir 'n jaarlikse audit. Die Voorsitter, Vise-Voorsitter, Tesourier en Sekretaris word aangestel met teken regte op die Vereniging se bankrekening.
- b. 'n Nie-Winsgewende Maatskappy (NPC) moet deur die Bestuurskomitee gestig en geregistreer word waar onder die bestuur en instandhouding na oorname by die Munisipaliteit sal geskied.

LENINGS

17. Vereistes vir lening(s):

- a. Wanneer die Bestuurskomitee van plan is om 'n lening(s) op te neem, moet kennisgewing van hierdie voorneme skriftelik gegee word, en alle besonderhede van die voorstel uiteengesit. Die kennisgewing moet aan elke lid van die Vereniging gegee word ten minste een-en-twintig (21) dae voor die datum van die vergadering van die komitee, waar die voorstel oorweeg sal word.
- b. Geen lening(s) mag aangegaan word sonder 'n besluit van die Bestuurskomitee wat by 'n vergadering wat deur minstens twee derdes van die lede van die Bestuurskomitee bygewoon word en aanvaar word nie.

HEFFINGS EN INVORDERING VAN HEFFINGS

18. Die volgende bepalings:

- a. Heffings om die koste vir instandhouding en bestuur van die leiwaterstelsel te dek, sal deur die Bestuurskomitee ingevorder word en jaarliks betaal word, dertig (30) dae voor die aanvang van die nuwe leiwaterskedsule.
- b. Die heffings moet die begroting in ag neem wat deur die Bestuurskomitee vir die Vereniging opgestel is om die operasionele instandhouding en verbetering vereistes ten opsigte van die leiwaterstelsel te dek.
- c. Sodra die Bestuurskomitee sulke bedrae vasgestel het, moet die komitee 'n heffingslys opstel wat uiteensit,
 - i. Die naam van elke persoon wat aanspreeklik is vir die betaling van 'n heffing,
 - ii. 'n Erfnommer, straatadres en munisipale rekeningnommer van die erf waarvoor die bedrag gehef word,
 - iii. Die weeklikse totale tyd waarop die lede geregtig is om leiwater te trek,
 - iv. Die bedrag wat gehef is,
 - v. Die datum waarop die jaarlikse betaling verskuldig is,
- d. 'n Afskrif van die heffingslys moet te alle redelike tye by die adres van die Vereniging beskikbaar wees vir inspeksie deur enige lid van die Vereniging.
- e. Nie die Vereniging nie, ook nie die lede van die Bestuurskomitee, of enige van die Vereniging se werknemers, is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat 'n lid mag ly as gevolg van 'n staking van die voorsiening van leiwater ingevolge hierdie paragraaf en of die beskikbaarheid van water as gevolg van droogte tye nie.

LEIWATERSKEDULE

19. Die leiwaterskedsule vir die volgende twaalf maande word dertig dae (30) voor die begin van die nuwe leiwaterjaar saamgestel uit die betaalde heffingslys en aan al die lede versprei voor die aanvang van die leiwaterjaar.

JAARVERSLAG EN ALGEMENE JAARVERGADERING

20. Die Bestuurskomitee moet binne drie(3) maande na die einde van die Vereniging se finansiële jaar 'n Algemene Jaarvergadering van lede byeenroep, wat bepaal sal word na die oornam van die leiwaterstelsel by die Munisipaliteit.

- a. Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering en verkiesing van Bestuurskomitee lede moet ten minste dertig (30) dae voor die datum aan die lede gestuur word.
- b. By die vergadering sal die volgende aan die lede voorgelê word,
 - i. Die Voorsitter se verslag wat die Vereniging se aktiwiteite gedurende die jaar uiteensit,
 - ii. Die geouditeerde finansiële state van die Vereniging se rekeninge vir die finansiële jaar,
 - iii. Vergoeding wat deur die Vereniging aan werknemers van die Vereniging betaal word,
 - iv. Die begroting vir die Vereniging vir die volgende jaar.

SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

21. Word bepaal deur:
- Spesiale Algemene Vergaderings word deur die Bestuurskomitee byeengeroep soos nodig mag wees vir die uitvoering van die Vereniging se aktiwiteite ingevolge hierdie Konstitusie, met kennisgewing wat ten minste dertig (30) dae voor die datum aan die lede gestuur word.
 - 'n Versoek vir 'n spesiale Algemene Vergadering kan aan die Bestuurskomitee gerig word deur vyf-en-twintig persent (25%) van die lede, waarna die Bestuur veertien (14) dae het om 'n datum vir sodanige vergadering aan te kondig, met 'n kennisgewing wat ten minste dertig (30) dae voor die datum aan die lede gestuur is.

LEIwater GROEP KOÖRDINEERDERS

22. Verantwoordelikhede en pligte:
- Daar is 9 Leiwater-groepe, en elke groep is verantwoordelik om te verseker dat 'n Koördineerder en 'n Assistent Koördineerder binne elke groep aangestel word om die Bestuurskomitee te ondersteun met die verrigtinge van die Vereniging se aktiwiteite met die leiwaterstelsel ingevolge hierdie Konstitusie.
 - Die koördineerders kan van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee gevra word om bestuursvergaderings by te woon.
 - Die Leiwater Groep Koördineerder is verantwoordelik vir:
 - Algemene koördinering van die leiwater groep se lede,
 - Koördinering van leiwater verspreiding in die groep,
 - Voorkoming van die vermorsing van leiwater,
 - Voorkoming en verslagdoening van onwettige leiwater gebruik,
 - Koördinering van die algemene instandhouding van die groep se leiwaterslote,
 - Opdatering van die groep se inligting,
 - Om enige uitdagings of kwessie wat die koördineerder nie kan oplos nie, aan die Bestuurskomitee te rapporteer.

KENNISGEWINGS EN KOMMUNIKASIE

23. Riglyne en vereistes:
- Alle kennisgewings en geskrewe kommunikasie word aan lede van die Vereniging versprei via e-pos en WhatsApp, en dit is die verantwoordelikheid van elke lid om te verseker dat hy of sy:
 - Die Voorsitter en Sekretaris betyds in kennis van enige verandering van e-posadres en/of selfoonnommers,
 - Aktief deel vorm aan die Vereniging se WhatsApp groepe.
 - Dit is normale praktyk dat die Bestuurskomitee hoofsaaklik en amptelik met die lede van die Vereniging kommunikeer en nie direk met die huurders nie, aangesien die direkte regsverhouding in die Vereniging tussen die Vereniging en die lede bestaan.
 - As lid van die Vereniging is die eienaar van die erf uitsluitlik verantwoordelik om te verseker dat hy/sy, sowel as hul huurders waar van toepassing, aan die Vereniging se Konstitusie, Reëls en Riglyne voldoen.

- d. Wanneer die die eienaar van die erf as lid van die Vereniging die Reëls en Riglyne oortree, is die Bestuurskomitee verantwoordelik om formeel met die lid te handel. Met 'n huurder word die saak met die eienaar bespreek, wat dan die situasie met hul huurder hanteer.
- e. Dit is in die belang van alle lede en die Vereniging dat kommunikasie op WhatsApp oor die uitdaging en vloei van Leiwater, sowel as die Leiwater-stelsel, op die lede se spesifieke groepe gerapporteer word en nie op ander gemeenskap WhatsApp groepe nie.

KWORUMS EN VOLMAGTE

24. Word bepaal deur:
- a. Die vereiste kworum vir 'n Jaarlikse Algemene Vergadering en Spesiale Algemene Vergadering word verkry wanneer vyf en dertig persent (35%) van die Vereniging se lede teenwoordig is. As daar geen kworum is nie, kan die vergadering nie voortgaan nie en word dit vir veertien (14) dae verdaag. As die kworum nie op die weer geskeduleerde tyd bereik word nie, vorm die aantal lede teenwoordig dan 'n geldige kworum vir daardie vergadering, wat sake toelaat om voort te gaan.
 - b. Waar 'n lid van die Vereniging nie 'n Jaarlikse Algemene Vergadering of Spesiale Algemene Vergadering kan bywoon nie, kan die lid van die Vereniging 'n volmag aan 'n ander lid van die Vereniging gee. 'n Lid van die Vereniging mag egter nie meer as twee (2) ander lede as volmag by 'n vergadering verteenwoordig nie. As die aangewese volmag of volmagte nie by die vergadering teenwoordig is nie, word die Voorster die lid se genomineerde vir die afwesige volmag of volmagte.

LEIWATER KWALITEIT

25. Lede moet hulself vergewis daarvan dat:
- a. Die leiwater wat deur die Munisipaliteit aan die leiwaterstelsel voorsien word, onder beheer van die Vereniging, is onbehandelde water wat moontlik ongeskik is vir menslike en/of huishoudelike gebruik, of dalk ongeskik is vir enige ander doel waarvoor dit deur leiwatergebruikers gebruik kan word.
 - b. Die Vereniging waarborg nie die kwaliteit van die leiwater nie en enige persoon wat die leiwater vir huishoudelike doeleindes of enige ander doel gebruik, doen dit op eie risiko en verantwoordelikheid.

VERGOEDING

26. Die Vereniging is nie aanspreeklik vir enige skade of verliese wat enige persoon mag ly as gevolg daarvan dat die Vereniging nie leiwater kan voorsien in ooreenstemming met 'n lid se betaalde reg as leiwatergebruiker nie; byvoorbeeld, in tye van droogte of onvoldoende reënval kan leiwater lewering sonder vergoeding opgeskort word. Dit sluit ook in enige instandhouding en herstelwerk wat onvoorsiens gedoen moet word.

LIKWIDASIE

27. Bepalings met likwidasiere resolusies:
- a. Die Vereniging kan ontbind word deur die aanvaarding van 'n resoluë by 'n Spesiale Algemene Vergadering wat spesifiek vir hierdie doel gehou word:

- i. Waar die resolusie deur 'n tweederde meerderheid (67%) van die lede wat teenwoordig is en geregtig is om by die vergadering te stem, aanvaar word,
 - ii. Die selfde resolusie moet verder deur die meerderheid (51%) van die stemgeregtigde lede by 'n verdere spesiale algemene vergadering bevestig word, wat ten minste vier (4) weke na die vorige spesiale algemene vergadering gehou sal word.
- b. 'n Vergadering wat 'n resolusie ingevolge Paragraaf 27.a. van hierdie Konstitusie aanvaar, kan ook resolusies met 'n meerderheid stem neem vir:
- i. Die aanstelling van 'n likwidaatour,
 - ii. Die beskikking van surplusfondse en bates van die Vereniging na die likwidasië en na betaling van al die skulde en verpligtinge van die Vereniging, moet gelykop onder al die betaalde lede van die Vereniging op die tydstip van 'n likwidasië verdeel word.

BEDRYFSGEBIED VAN DIE VERENIGING

28. Die bedryfsgebied van die Vereniging is geleë in Barrydale in die Wes-Kaap en gesetel binne Swellendam se munisipale gebied. Die leiwatër word uit die Huisrivier onttrek en deur die bestaande leiwatërstelsel aan sy lede se erwe tussen Spriggstraat (Westelike grens), Van Collierstraat (Oostelike grens), erwe aan die suidekant van Highlevel Street (Suidelike grens) en erwe noord van die R62 (Noordelike grens) gelewer.

WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE

29. Hierdie Konstitusie mag slegs gewysig word tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering van lede van die Vereniging wat vir hierdie doel byeengeroep is:
- a. Geskrewe kennisgewing van enige voorgestelde wysiging aan die Konstitusie, Reëls en Riglyne wat die woordelike voorgestelde wysiging bevat, moet ten minste dertig (30) dae voor 'n Spesiale Algemene Vergadering aan lede voorsien word,
 - b. Sodanige wysiging moet deur lede van die Vereniging goedgekeur word, waarna dit dan in werking tree.
 - c. Slegs wysigings aan die voorgestelde wysiging waarvan skriftelike kennis gegee is, word bespreek en by so 'n Spesiale Algemene Vergadering gestem.

AANNEMING VAN DIE KONSTITUSIE

30. Hierdie konstitusie, met inbegrip van die Reëls en Riglyne, is op 8 Januarie 2026 tydens die eerste Algemene Jaarvergadering van die Vereniging te Barrydale, Wes-Kaap aangeneem.

Geteken te Barrydale op Donderdag 8 Januarie 2026



CHARLES PAYNE: VOORSITTER BLGV

REËLS EN RIGLYNE VAN DIE BARRYDALE LEIWATER GEBRUIKERSVERENIGING

INLEIDING

1. Die leiwaterstelsel werk slegs as almal saamwerk en op 'n wedersyds, ondersteunende en buurmanskaps wyse. Respekteer asseblief die leiwaterstelsel en mekaar, kommunikeer met ander gebruikers in jou leiwater groep, op jou leiwater dag, jou leiwater groep Koördineerder en die Bestuurskomitee.

DIE LEIWATER SKEDULE

2. Elke lid van die Vereniging het 'n weeklikse tydgleuf, duidelik op die Skedule aangedui. Die Skedule bevat ook die kontakbesonderhede van al die lede in jou Leiwater Groep en Koördineerder, sodat jy met jou mede gebruikers kan skakel. Die Skedule word gereeld opgedateer wanneer die erf (eiendom) van eienaar verander sodat jy altyd die nuutste kontakbesonderhede het. Laat asseblief die Komitee weet as jy jou eiendom verkoop het en verskaf aan hulle die nuwe eienaar en kontakbesonderhede.

- a. Ken jou tydgleuf en hou daarby. As jy weg gaan wees, maak asseblief 'n plan saam met jou tuinier, buurman en/of ander gebruikers op daardie dag om óf die water namens jou te ontvang óf om dit te herlei sodat ander gebruikers stroomaf nie onkant betrap word nie. *Enige voorgestelde ruilings of veranderinge aan die Skedule moet per e-pos vir bespreking en besluitneming aan die Bestuurskomitee gekommunikeer word. Geen uitsonderings nie.*
- b. Nadat jou Leiwater-tydgleuf voltooi is, **MOET** jy jou sluis van die hoofkanaal op die sygaardjie sluit, veral as joune die laaste van die dag is. As 'n volgende gebruiker stroomaf geleë is, moet jy die toepaslike sluise oopmaak sodat die leiwater deurkom. Die volgende gebruiker behoort nie verplig te wees om vir oop sluise te kyk nie.
- c. *Moet nie die Waterbalju vra om water vir jou te herlei nie.* As jy 'n probleem het, kontak asseblief jou Leiwater Groep Koördineerder daarvoor. As jy jou leiwater-plek gemis het, het jy jou plek gemis, en jy mag nie water uit tyd neem nie. Die Leiwaterbalju is slegs verantwoordelik om leiwater aan 'n groep te versprei, deur in die oggend op die vasgestelde tyd oop te maak en weer daardie kanaal in die middag op die vasgestelde tyd toe te maak. Die opening en sluiting van leiwatersluise van individuele eiendomme is nou die verantwoordelikheid van gebruikers en nie die Leiwaterbalju nie.
- d. As water deur jou eiendom na ander gebruikers vloei, mag jy hulle nie keer om hul water te ontvang of hulle toegang tot die sloot weier nie. Dit is hul reg om vir probleme op jou eiendom te kyk as hulle nie water ontvang tydens hul tydgleuf nie. Probeer om enige geskille binne jou groep op te los. Terwyl Komiteeleders hul tyd en moeite vrywillig aanwend om 'n konstante vloei van water na jou eiendom te verseker, verkies hulle om nie as skeidsregters in geskille op te tree nie, tensy dit absoluut nodig is. Jou water sal afgesny word as jy toegang aan ander gebruikers weier, en jy mag eers weer aansoek doen vir water in die volgende Leiwaterjaar, en dan is 'n plek nie gewaarborg nie.

- e. Wees asseblief altyd respekvol teenoor water. Ons moet water ekonomies gebruik en waar ons kan, bespaar. Op die hoogtepunt van die somer daal die damvlak drasties, en dit is die reg van die komitee om watertoevoer tot elke tweede of derde week te sny as 'n bewaringsmaatreël. Daar kan ook tye wees wanneer Leiwater aflewering heeltemal sal ophou. **LET ASSEBLIEF OP: DAAR IS GEEN TERUGBETALINGS VIR WATER WAT NIE GELEWER IS NIE.**

WATER STROPERY

3. *Jy mag water neem SLEGS TYDENS JOU TOEGEWESE BEURT.* Enige lid wat nie-toegewysde leiwater neem, sal 'n waarskuwings brief ontvang. 'n Tweede oortreding sal daartoe lei dat hul leiwater onmiddellik afgesny word. Die leiwatersloot sal met bakstene en sement verseël word. As jou leiwater afgesny is, mag jy nie weer aansoek doen vir leiwater voor die volgende Leiwaterjaar nie, en 'n plek is nie gewaarborg nie. Jy sal ook die volle koste van sluiting en heropening van die kanaal na jou eiendom moet betaal. Voorsiening sal slegs hervat word nadat die heraansluitingsfooi betaal is.

KANALE (SLOTE) EN SLUISE

4. Alle leiwaterkanale op privaat eiendom, insluitend erwe wat aan die Munisipaliteit, Provinsie of Staat behoort, moet skoon en in goeie toestand gehou word deur die eienaar, huurder en versorger van daardie erf/eiendom, ongeag of daardie erf/eiendom leiwater gebruik of nie. As 'n ander gebruiker nie betyds water ontvang nie, het hulle die reg om stroomop te kyk waar die blokkade/stop is. Jy is verantwoordelik om jou eie sluise oop en toe te maak. Moet NIE die Waterbalju vra om jou Leiwater-sluise vir jou oop of toe te maak nie.

5. Alle kanale en sluise op munisipale, provinsiale en staatsgrond, insluitend paaie, sygaardjies en die pype/kanale van die waterbronne, maar nie insluitend erwe wat aan die munisipaliteit, provinsie of staat behoort nie, word deur die komitee onderhou, behalwe waar skade aan die stelsel veroorsaak word deur werk of nalatigheid van munisipale, provinsiale of staatswerknemers en/of hul kontrakteurs en onderaannemers of deur gruis wat neergelê is of ander skade veroorsaak deur lekkasie of oorstroming van die stormwater- of rioolstelsels, of enige ander munisipale, provinsiale of staatsinstallasie.

6. Alle instandhouding en herstelwerk aan die Leiwater-stelsel sal volgens prioriteite gedoen word soos bepaal deur die Bestuurskomitee en in lyn met die beskikbare begroting. Daarom is die instandhouding en herstel van kanale wat water van die hoof leiwater bron bring om dit na die verskillende leiwater groep kanale te versprei, die prioriteit. Die tweede prioriteit is die instandhouding en herstelwerk van die leiwaterstelsel wat leiwater aan die verskillende groepe lewer, en dit kan slegs gedoen word sover die begroting dit toelaat.

7. **GEEN GEEN STRUKTURELE VERANDERINGE** mag aan die stelsel gemaak word, selfs nie op jou eiendom nie, sonder vooraf goedkeuring deur die komitee. Strukturele veranderinge kan die vloei na ander gebruikers beïnvloed en oorstromings stroomaf veroorsaak. *Siwwe word as strukturele veranderinge beskou* en veroorsaak gewoonlik meer probleme as wat jy dink hulle kan oplos. Dit word ook nie aanbeveel om pype te gebruik om jou water te kanaliseer nie. As jy veranderinge wil aanbring, moet jy skriftelik aansoek doen by die komitee wat die gevolge van sulke veranderinge sal oorweeg. Hulle sal ander oplossings voorstel as hulle die aansoeke as onvanpas beskou, voordat hulle sulke veranderinge toelaat en goedkeur.

- a. Enige strukturele veranderinge wat sonder komitee goedkeuring gemaak word, sal lei tot onmiddellike ontkoppeling van jou leiwat. Jy kan in die volgende Leiwatjaar weer aansoek doen sodra jy die stelsel na sy oorspronklike toestand herstel het en die totale koste van die heropening van jou kanaal betaal het.
- b. Geen hindernisse mag in die kanaal geplaas word om opdamming of herleiding van water te veroorsaak nie, behalwe die goedgekeurde sluise. Geen beton, sement, damme, bakstene, blokke, siwwe, sandsakke, vullis, tuinrommel, plastieksakke, bottels, sand, plante, pype, ekstra sluishekke of enige ander hindernis mag in die kanale geplaas word nie.
- c. Boomwortels, gras en plantegroei blokkeer die kanale. Maak asseblief jou kanaal gereeld skoon (ten minste een keer per kwartaal). As plantegroei of enige ander natuurlike of mensgemaakte versperring die kanaal of sluise op jou eiendom blokkeer, sal jy twee weke se skriftelike kennisgewing kry om dit te verwyder. As dit nie gedoen word nie, sal ons dit vir jou doen en jou vir die werk hef. Enige rekening wat nie betaal word nie, sal lei tot onmiddellike opskorting van jou leiwat.
- d. As jy sukkel om effektief te besproei, praat met jou Leiwat Groep Koördineerder oor moontlike verbeterings aan jou leiwatstelsel. *MOENIE veranderinge aan die kanale en sluise maak nie.* Maak eerder die waterbestuur- en of besproeiingstelsel op jou eiendom reg.

NUWE GEBRUIKER TOEPASSINGS

8. Die beskikbaarheid van leiwat is beperk, en daar is geen outomatiese reg op toegang nie (selfs al word dit in titelaktes genoem). Nuwe aansoeke vir leiwat op eiendomme wat tans nie by die Vereniging geregistreer is nie, moet op 'n waglys aansluit.

WINTER ONDERHOUD

9. Groot herstelwerk word op hierdie tydstip uitgevoer wanneer daar waarskynlik die hoogste reënval is en die minste behoefte aan ekstra besproeiing deur leiwat is. Die stelsel sal vir 'n tydperk gesluit wees (hopelik nie langer as twee weke nie) en jy sal betyds in kennis gestel word. Enige ander onvoorsiene herstelwerk sal natuurlik hanteer moet word soos dit gebeur.

REKENINGE

10. Ons finansiële jaar (die Leiwatjaar) sal bepaal en geïmplementeer word na die oorname van die bestuur en instandhouding van die Leiwat by die Munisipaliteit, waarna fooie jaarliks ingevorder sal word soos bepaal in die *BLGV Konstitusie, Artikel 18*. Hierdie fooie dek herstelwerk en instandhouding, opgradering van die stelsel, voertuig, gereedskap, en die Leiwatbalju se salaris, wat die hoofsluise in die oggende en aande oop- en toemaak en gereelde instandhouding hanteer soos benodig.

11. Betaling van jou faktuur verklaar dat jy die Vereniging se Konstitusie, Reëls en Riglyne dokument en die Swellendam Munisipale Besproeiingswater (Lewat) Verordening dokument (soos van tyd tot tyd gewysig) ontvang, gelees, verstaan, aanvaar en nagekom het.

12. Rekening wat nie een en twintig dae (21) ten volle betaal is voor die aanvang van die Leiwatjaar van elke jaar nie, sal lei tot die onmiddellike ontkoppeling van water. Jy kan eers weer aansoek doen vir 'n gleuf in die volgende Leiwatjaar sodra al die uitstaande rekeninge en die totale koste van die heropening van die kanaal vereffen is. 'n Gleuf word nie gewaarborg nie.

Bylaag 3

Tot BLGV Aansoek om oorname van die leiwaterstelsel

BLGV REGISTRASIE SERTIFIKAAT - NPC



COR14.3: Registration Certificate

Companies and Intellectual
Property Commission

Registration Number: 2026 / 142226 / 08
Enterprise Name: BARRYDALE LEIWATER GEBRUIKERS VERENIGING

A member of the SAG Group

ENTERPRISE INFORMATION

Registration Number: 2026 / 142226 / 08
Enterprise Name: BARRYDALE LEIWATER GEBRUIKERS VERENIGING
Registration Date: 18/02/2026
Business Start Date: 18/02/2026
Enterprise Type: Non Profit Company
Enterprise Status: In Business
Financial Year End: July
TAX Number: 9764803194
Addresses: POSTAL ADDRESS

31 VAN RIEBEECK STREET
BARRYDALE
BARRYDALE
WESTERN CAPE
6750

ADDRESS OF REGISTERED OFFICE

31 VAN RIEBEECK STREET
BARRYDALE
BARRYDALE
WESTERN CAPE
6750

ACTIVE MEMBERS / DIRECTORS

Surname and First Names	Type	ID Number / Date of Birth	Appointment Date	Addresses
LEPPAN, TERI DUDLEY	Director	5406070135086	18/02/2026	Postal: 39 STEYN STREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750 Residential: 39 STEYN STREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750
WINDT, SCHALK	Director	6502155177081	18/02/2026	Postal: 18 TENNANTSTREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750 Residential: 18 TENNANTSTREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750
FULLARD, HELENE	Director	5007230087082	18/02/2026	Postal: 34A VAN RIEBEECKSTREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750 Residential: 34A VAN RIEBEECKSTREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750
PAYNE, CHARLES ROBERT	Director	6107015020081	18/02/2026	Postal: 31 VAN RIEBEECK STREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750 Residential: 31 VAN RIEBEECK STREET, BARRYDALE, BARRYDALE, WESTERN CAPE, 6750



BLGV BESIGHEIDSPLAN

INLEIDING

Barrydale Leiwater Gebruikersvereniging (BLGV) is op 14 Maart 2022 gestig sonder enige sonder enige bates of inkomste. Die Leiwaterstelsel, met inbegrip van leiwaterslote en leiwatersluise, was nie in 'n goeie toestand agv minimale onderhoud die afgelope jare. Die hoof leiwaterkanaal vanaf die Leiwaterdam was en is nou nog nie in 'n goeie strukturele toestand nie en was erg toe gegroei onder bome en bosse wat die kanaal reeds beskadig het en vloei van leiwater beperk het. Vanaf Oktober 2022 tot Maart 2024 is 'n aantal algemene werkers, onder die EPWP Program met die hulp van CAP Swellendam aan ons beskikbaar gestel.

INTERIM BEFONDSING

As Leiwater Gebruikersvereniging het ons geen vaste inkomste en dus geen begroting gehad nie en en is aanvanklike instandhouding en herstelwerk gedoen deur lede wat self die koste daarvan gedra het. As Bestuurskomitee het ons gou besef dat dit nie genoegsaam gaan wees nie. Die koste verbonde aan alle instandhouding en herstelwerk is sedertdien deur donasies vanaf ons lede en Bestuurskomitee lede befonds, waarvan 'n bedrag van R30 000 nog terug betaal moet word aan 'n groep van 10 lede. Dan het ek as Voorsitter in my persoonlike hoedanigheid die aankoop van kraggereedskap, tuingereedskap en salaris van werkers in die interim befonds.

UITGAWES

Die uitgawes hieronder uiteen gesit is opsommend wat BLGV gespandeer het sedert Oktober 2022 tot en met 8 Januarie 2026.

i.	Krag- en tuingereedskap	R 30 800
ii.	Verbruiksgoedere	R 6 000
iii.	Beskermde drag en veiligheids uitrusting vir werkers	R 12 000
iv.	Werkerslone	R 15 000
v.	Tuindienste kontrakteur	<u>R 7 000</u>
	Totaal	R 70 800

INKOMSTE

Na suksesvolle oorname van die Leiwater gaan ons uitgawes befonds word deur die jaarlikse leiwater heffings vanaf ons lede, soortgelyk aan die bestaande heffings wat tand deur die Munisipaliteit geneem word vir leiwater. Met die inkomste gaan ons Bestuurskomitee in oorleg met die Vereniging jaarlikse spesifieke opgraderings en instandhouding identifiseer en voor begroot, om op 'n georganiseerde wyse die leiwaterstelsel te bedryf. Alle koste sal geoudit en by ons jaarlikse AJV aangebied word. Dit gaan tyd neem, maar oor die volgende paar jaar behoort ons 'n goed funksionerende stelsel te kan skep wat vir ons almal werk.

LEIWATERFISKAAL

BLGV gaan 'n permanente Leiwaterfiskaal moet aanstel om die aankeer en verspreiding te kan doen, aangesien die huidige leiwaterfiskaal 'n Munisipale werknemer is.



CHARLES PAYNE: VOORSITTER BLGV

Addendum D

2025-26 BUDGETORY FRAMEWORK: BARRYDALE LEIWATER

REVIEW OF IDP AND SERVICE DELIVERY MECHANISMS FOR
BUDGETARY IMPACT.

Legislation Framework

• MSA 34 (a) & 77 (f)

Leiwater	Customers	Revenue	Expenditure	Shortfall
Swellendam	12	R82 125	R174 935	(R92 810)
Barrydale	112	R383 835	R503 115	(R119 280)



EMPLOYEE COST

2025-2026 EMPLOYEE COST																	
		R		2 355 867,00		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R		R		R		R		R		R		R	
		R		R													

Addendum ~~IE~~

BEGROTINGS ITEMS: BARRYDALE LEIWATER

HERSTEL & ONDERHOUD

1. **Donkergat verdeel sluise**. Een van die twee sluise is al sedert 1 November 2023 en voor dit reeds beskadig.



2. **Leiwaterdam (Rooidam) wal**. Die wal moet herstel word, sedert 1 November 2023 en voor dit reeds beskadig.




3. Inlaat sluise van Donkergat sloot na Dorpsdam en Swartdam. Moet herstel word en waarskynlik oorgebou word.



4. **Leiwaterdam se uitloop**. Die dam se uitloop moet herstel word. Dit is hier waar 'n kleinboer die oorloop beskadig het deur 'n gat onderdeur te breek.



5. **Leiwaterdam (Rooidam) klep uitlaat na leiwaterkanaal.** Die foto's is self verduidelikend. Daar mors baie water. 'n Pyp vir die eerste ongeveer 30 meter is die oplossing.



6. **Van Coller leiwater pyp.** Die pyp moet verkieslik in sy geheel vervang word.



7. **Leiwaterrkanaal vanaf Swartdam na Leiwaterrdam (Rooidam).** Die stukkende plekke moet herstel word en die sloot 'n slag uitgehol word soos in Desember 2023 ooreengekom.



8. **Southey Sluis Huisie.** Is besig om uitmekaar te val en word stelselmatig afgebreek. Verskeie versoeke al en in Wilma Carstens se tyd, waar sy 'n opname en koste beraming ingedien het.





9. **Rugbyklub sluis.** Moet 'n meganisme kry wat kan sluit met 'n slot.



10. **Fanie Smit sluis.** Moet 'n meganisme kry wat kan sluit met 'n slot.



11. **Van Coller klep tussen Van Riebeeck en Tennant.** Moet 'n meganisme kry wat kan sluit met 'n slot.



12. **Highlevel Leiwaterdam.** Inlaat sluis en uitlaat klep moet 'n meganisme kry wat kan sluit met 'n slotte.



13. **Karoo Daisy Leiwaterdam.** In- en uitlaat moet 'n meganisme kry wat kan sluit met 'n slotte.



14. **Verwydering van bome langs leivore.** Uitgesit word op kontrak.